## 11 Maart - DORS

**Skrifgedeelte: Psalm 42**
**Fokusgedeelte: Johannes 19:28**

Van die sewe kruiswoorde van die Here Jesus fokus dié een op die verskriklike fisiese lyding. Ons moet dit nie te vinnig vergeestelik nie. Jesus Christus was dors. Stadige bloedverlies, koors wat weens sy wonde begin ontstaan, die kruis dra, die doringkroon, die hang in die bloedige son vererger alles. "Ek het dors."

Ons Here moes ook borgtogtelik vir ons fisiese nood ly. Hy moes ook hierin die volmaakte Hoëpriester wees wat volle medelye met ons sou hê. In ons grootste liggaamlike lyding kan ons weet dat Jesus Christus die pad vir ons oopgemaak het na 'n Hemelse Vader wat vir liggame ook sorg.

Natuurlik gaan Jesus se woorde verder as die liggaamlike dors. Dwarsdeur die Bybel word die begeerte om by God te wees uitgedruk in terme van dors wees:

- Psalm 42 is sekerlik hierin die geliefste voorbeeld: "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God!"
- Jesus antwoord met dié beeld in sy gesprek by die Samaritaanse vrou by die waterput: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee" (Joh 4:12, 13).

So word Jesus Christus die een wat aan die kruis die diepere en onversadigbare dors van mense wat nie by God kan kom nie, vir ons vervul. Deur die geloof in Jesus Christus les Hy ons dors na 'n ewige Vader.

Ek weet nie wat jou vandag "dors" maak nie. Miskien is dit die liggaamlike siekte wat jou oorweldig, miskien is dit fisiese honger en dors van armoede, of miskien is dit 'n gevoel van Godsverlatenheid en soeke na sin en betekenis in die lewe.

Omhels in die geloof ook hierdie lydingswoord van ons Here Jesus Christus. Hy was dors sodat jy nooit weer dors hoef te wees nie.

*Sing: Psalm 42:1, 5 (1953 -omdigting)* *Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*